

Sondag 18 November

Skrifgedeelte: Sagaria 7:1-14

Fokusgedeelte: Sagaria 7:5, 9, 10
(1953-vertaling)

Dien die Here met jou hart, hand en verstand!

Kom jy kerk toe ter wille van die *Here*? Of kom jy kerk toe ter wille daarvan dat jy 'n boodskap moet ontvang? Die kerk moet altyd vir j^{ou} 'n boodskap hê – dis mos waarvoor jy jou duur verdienende bydraes gee! Maak jy nie van die “kerk” 'n afgod nie?

Kom jy Nagmaal toe omdat jy die reg daartoe het en dan moet die Nagmaal hanteer word soos wat jy dit goedvind? Of gaan jy Nagmaalstafel toe omdat jy dankbaar die uitno-diging daartoe aanvaar? (Lees gerus weer die Nagmaalsformulier.) Met ander woorde: Met watter gesindheid gaan jy kerk toe, gee jy jou bydraes, neem jy aan die Nagmaal deel?

Soortgelyke vrae vra die afvaardiging van Bet-el aan die priesters en profete wat diens doen by die huis van die Here: *“Moet ons nog in die vyfde maand huil en vas soos ons nou al jare lank doen?”* (1983-vertaling:3). Met ander woorde: Is dit nog werklik nodig?

Die Here se antwoord was: *Het julle hierdie gevas werklik ter wille van My gedoen?* (:5). *Doen julle hierdie vas werklik tot eer van My?* Romeine 14:6-8 sluit hierby aan – *ek moet alles tot eer van die Here doen!* Met ander woorde: Wat is julle ingesteldheid?

Die Here antwoord verder: Om te rou en te huil wanneer julle vas, sal in feesviering ver-ander wanneer julle met julle hand, verstand en hart die Here met liefde dien en in liefde teenoor jou naaste lewe. *Spreek die waarheid, betoon troue liefde en barmhartigheid teenoor mekaar. Moenie weerloses, vreemdelinge en armes verdruk en bese planne in julle harte beplan nie. Luister na die Woord. Maak julle harte oop vir die Here!* (:9-12).

Dus: Om geregtigheid en liefde te beoefen met hart, hand en verstand is beter as om te vas! (Vergelyk 1 Korintiërs 13 en Matteus 23:23-28: “Ek het dors gehad en julle het My te drinke gegee ...”)

Sing: Psalm 62-1:1-5

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)